# Ontmoet die verskillende woordsoorte

**In Afrikaans Huistaal onderskei ons** tien **hoofkategorieë (of hoofgroepe) woordsoorte.**

**Daar is die voornaamwoord**. Dink aan ’n film. Soms moet die akteur gewaagde toertjies doen, en hiervoor word eerder ’n **waagarties (“stunt man”)** gebruik wat nie al die eienskappe van die ander persoon het nie, maar ’n goeie plaasvervanger is, omdat hy amper soos die ander akteur lyk. So ook is die voornaamwoord ’n waagarties in die plek van ’n sinsdeel waarin ’n selfstandige naamwoord (naamwoord) voorkom.

**Voorbeelde hiervan is “sy” (= die meisie), “jy” (= Karien), “dié” (= Dawid het lekker geskinder), “mekaar” (= Karien en Pieter, Pieter en Karien), “myne” (= my tas) en “iemand” (= onbepaalde betekenis).**





**Ontmoet die tussenwerpsel**. Hy is die **akteur** van die taal. Hy is ekspressief, spontaan en vol energie. Hy wil die kyker inkatrol, en daarom gebruik hy taal soos **“O! Ek kan nie glo wat ek sien nie!”** in plaas van net **“Ek kan nie glo wat ek sien nie!”**.



**Dan is daar die byvoeglike naamwoord (adjektief)**, die **kunstenaar** wat die fynste besonderhede aandui, soos die kleur, grootte, vorm of gevoel van iets.



**Voorbeelde hiervan is: “klein (nessie)”, “(iets) anders”, “(die vertrek is) geel”, “(die toekoms) onsienbaar”.**


**Die lidwoord is die verkeersbeampte**. Net soos daar verkeersbeamptes is wat aandui watter voertuie voorkeur het om te ry, help die lidwoord ook om grense aan te dui. Dit wys byvoorbeeld op ’n onbekende saak (wanneer **“’n”** gebruik word) of dat ’n saak bekend is (wanneer **“die”** gebruik word).

**Die voegwoord is die huweliksberader**. Indien 'n egpaar baklei, word 'n huweliksberader somtyds genader om die egpaar van raad te bedien. Die voegwoord is ook so 'n huweliksberader. Dit wil die verhouding tussen sinne sterker maak en die verbinding daarvan fasiliteer.

**Voorbeelde hiervan is "want", "omdat" en "en".**



**Dan is daar die jan-van-alles, die bywoord**. Hy is die soort persoon wat in enige omgewing kan floreer, van die geselskap van vriende tot 'n besige kantoor of 'n tjoepstil biblioteek. Net so is die bywoord ook veelsydig, omdat dit gebruik kan word om óf iets te sê oor die tyd wanneer, die plek waar en die wyse waarop 'n handeling plaasvind (bv. **"hardloop vinnig"**), óf selfs om die intensiteit van 'n ander woordsoort te versterk of te verswak (bv. **"baie hoog"**).





**Voorsetsels is die toerleiers van die taal**. Net soos wat 'n toerleier aandui waar plekke is of wat die verhouding tussen verskillende plekke en mense is, is die voorsetsel ook 'n toerleier wat die verhouding tussen verskillende sake wat in 'n sin uitgedruk word, aandui.

**Voorbeelde hiervan is "(my penneblikkie) in (my skooltas)", "(die diere) naby (die watergat)", "(die meisie) van (sy drome)".**

**Die werkwoord is die atleet van die sin**, want dit dui op 'n toestand (bv. **"word"**) of 'n situasie wat gedurig verander en vorder ('n handeling, bv. **"slaap"**). Dit sê ook iets oor die tyd wanneer (bv. **"het geslaap"**; **"begin slaap"**) of die wyse waarop die handeling plaasvind (bv. **"moet slaap"**), en die tyd wanneer iemand in 'n sekere toestand verkeer (bv. **"Hy het gesond geword"**) of die wyse waarop iemand in 'n sekere toestand verkeer (bv. **"Hy wil gesond word"**).






**Telwoorde is die rekenmeesters** van die taal wat alles op 'n geordende en meetbare manier stel.

**Voorbeelde hiervan is "vyftig", "min", "sesde" en "kwart".**

**Selfstandige naamwoorde (naamwoorde) is die botanici van die taal**. Net soos wat 'n botanikus die werk het om plante wetenskaplik te bestudeer en selfs name vir nuwe plantspesies te gee, word selfstandige naamwoorde ook gebruik om dinge te benoem. Voorbeelde hiervan is **"kind"**, **"aasvoël"**, **"vetplant"**, **"goud"**, **"kilogram (meel)"**, **"trop (skape)"**, **"sokker"**, **"eensaamheid"**, **"liefde"**.

